9 Maart 2020

Geagte HEV lede

Na aanleiding van die hoeveelheid navrae wat ontvang is via "Whatsapp" (Blue Ridge Info Group), blyk dit dat daar 'n behoefte by die eienaars bestaan om meer inligting te bekom en derhalwe wil die Trustees die navrae in geheel behandel en nie op individuele basis nie. Die Trustees wil u derhalwe weereens die versekering gee dat niks oneties of agter die skerms gedoen word nie.

1. **Verhuring van die motorhuise**

   In ooreenstemming met terugvoering wat van eienaars ontvang is op e-pos kommunikasie in die verband, is besluit dat huurgeld van R800,00 per maand gehef sal word. Slegs twee eienaars het aansoek gedoen, nl. Hannes Koegelenberg en Deon Haumann en derhalwe is die verhurings aan hulle toegeken.

2. **Sekuriteitskameras**

   Daar is verskeie opsies beskikbaar en die Trustees kyk tans na stelsels wat pro-aktief is, m.a.w. om die oortreder te identifiseer en reaksiemagte (Sekuritietsfirma en SAPD) te mobiliseer alvorens 'n eiendom betree/beskadig word.

   Die Trustees is besig om kwotasies te bekom en te onderhandel met die verskaffers ten einde beter pryse te beding en ondersoek in te stel na die effektiwiteit van onderskeie stelsels. Een van die aspekte wat in aanmerking geneem word is die feit dat sommige eienaars nie te vinde is vir die installering van pale op erwe nie. Dit sal dus die installering van kameras bemoeilik.

   **Neem asseblief kennis dat daar nog nie op enige stelsel besluit is nie. Die finale besluit sal op die AJV geneem word**.

   Indien enige van die eienaars bewus is van moontlike geskikte stelsels wat beskikbaar is, sal dit hoog op prys gestel word indien u die Trustees kan inlig sodat die nodige aandag daaraan gegee kan word.

3. **Begroting vir sekuriteitskameras**

   Soos u bewus is, is daar slegs R65 000,00 in hierdie finansiële jaar vir 'n sekuriteitsstelsel goedgekeur, maar in die lig van die probleem met die plasing van pale, is daar besluit dat die aangeleentheid verder op die AJV bespreek sal word.

4. **Privaatheid vs Sekuriteitskameras**

   Hierdie aspek is een van die aangeleenthede wat tydens die ondersoek in aanmerking geneem word.

5. **Estetiese aansig van Blue Ridge**

   Ongelukkig gaan die installering van sekuriteitskameras 'n impak maak op die estetiese aansig van Blue Ridge. Dit is egter een van die dinge waaroor u as eienaar sal moet besluit.

**6. Inbrake by Moquini Landgoed**

Wat betref die verwysing na die inbrake by Moquini landgoed na die installering van sekuriteitskameras, blyk dit volgens inligting wat bekom is, dat nie al Moquini se grense gedek is deur sekuriteitskameras nie en dat die inbrekers Moquini binnegekom het by die noordelike grens wat nie gedek is nie.

7. **Doeltreffendheid van Sekuriteitskameras**

Hierdie aspek is een van die aangeleenthede wat tydens die ondersoek in aanmerking geneem word.

**8. Bosbokke**

Die aangeleentheid was tot stemming gebring en die meeste eienaars het gestem dat die heining oop bly.

**9. Honde**

Dit is duidelik dat die aanhou van honde tans ‘n groot kopseer is en die Trustees is dit eens dat die aangeleentheid op die AJV aandag moet geniet.

**10. Reserwe Fonds**

Verskeie eienaars het hul kommer uitgespreek rakende die stand van die reserwe fonds en die Trustees wil graag onder u aandag bring dat die fonds in hierdie stadium gesond is en aan die einde van Februarie 2020 tans R572 218,22 beloop.

Daar dien gemeld te word dat wetgewing wat die beskikbaarheid van ‘n reserwefonds voorskryf, slegs van toepassing is op komplekse wat deeltitel status het, maar aangesien BR voltitel status geniet, is hierdie wetgewing nie van toepassing op BR nie. Nieteenstaande die voorafgaande is dit net gesonde praktyk om ‘n reserwefonds beskikbaar te hê.

**11. Boorgat**

Die waterbeperkings wat onlangs ingestel is a.g.v. die hewige droogte wat ondervind word, het die plantegroei baie beinvloed en op grond daarvan het ‘n gedagte ontstaan of BR, vir die doel, nie van ondergrondse water gebruik kan maak nie.

‘n Verdere voordeel is dat indien die water gebruikersvriendelik is, dit in tye van probleme met munisipale watervoorsiening, vir huishoudelike gebruik aangewend kan word.

**Geen besluit is nog geneem nie en in hierdie stadium word inligting ingewin ten einde ‘n voorstel by die AJV aan u voor te lê.**

**12. Aanstel van ‘n Bestuurder**

Kennis is geneem van die AJV besluit dat ‘n bestuurder aangestel moet word. Die aangeleentheid geniet die aandag van die Trustees en daar is sekere aspekte wat nog onder oorweging is en sal by die volgende AJV gefinaliseer word. In die tussentyd is die pligte tussen die Trustees verdeel.

**13. Grensheinings**

Die Trustees is bewus van die palissades op die suidelike en westelike grens wat tans ernstige verweer (roes) toon en aandag moet geniet. Die heining was blykbaar deur Moquini opgerig en dit blyk dat hulle bestuurspan die vorige trustees van BR genader het met die doel om die uitgawes met die herstel van die heining te deel. Alvorens ‘n finale besluit geneem word, sal dit by die volgende AJV bespreek word.

**14. Kantoorblok**

Die teëls in die kantoorblok het opgelig en moet vervang word. Na die laaste goeie reën wat in Januarie 2020 geval het, is verskeie lekkasies in die gebou opgemerk. Water het deur die skuifdeure gelek, asook deur die stoep na die onderliggende vertrekke deurgesyfer. Kwotasies is aangevra vir herstelwerk en waterdigting. Die herstel daarvan geniet aandag.

Graag wil die Trustees al die eienaars bedank wat insette gelewer het. Ons vertou dat die voorafgaande inligting die aspekte, soos geopper deur mede HEV lede, in perspektief sal plaas. U betrokkenheid word waardeer.

Vriendelike groete

Trustees: Blue Ridge